Verwysing: 20201208-206
Lêerno.: 13/1/2/1
Navrae: M. Combrink

Assesseringsbestuursminuut: 0021/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Herskryf van Wiskunde Vraestel 2 en Fisiese Wetenskappe Vraestel 2

1. Die Minister van Basiese Onderwys het op Vrydag, 04 Desember 2020, ná 'n ondersoek na die uitlek van die Wiskunde Vraestel 2- en Fisiese Wetenskappe Vraestel 2-eksamens, afgekondig dat twee Nasionale Senior Sertifikaat-/Senior Sertifikaat-eksamens herskryf sal word.

2. Die Departement van Basiese Onderwys het 'n omsendbrief hieroor uitgereik (**Bylae A**).

3. Die herskryf van hierdie eksamens sal verg dat die prinsipaal/sentrumbestuurder, hoofopsieners, senior opsieners en opsieners by die eksamensentrums teenwoordig sal moet wees om die eksamens af te neem en toe te sien dat alle antwoordskrifte betyds by die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) ingelewer word.

4. Die rooster van die eksamens wat herskryf moet word, is as volg:

Vak	**Datum**	**Tyd**
Wiskunde Vraestel 2	Dinsdag, 15 Desember 2020	14:00–17:00
Fisiese Wetenskappe Vraestel 2	Donderdag, 17 Desember 2020	09:00–12:00
Neem asseblief kennis: Kandidate wat in aanmerking kom vir die herskryf van Rekenaartoepassingstegnologie Vraestel 1 of Inligtingstegnologie Vraestel 1 sal op Donderdag, 17 Desember 2020 vanaf 14:00–17:00 die eksamens herskryf. Kandidate wat in aanmerking kom om die eksamens te herskryf, sal afsonderlik deur die Direktoraat: Eksamenadministrasie ingelig word.		

5. **Toelatingsbriewe**

5.1 Eksamensentrums sal die toelatingsbriewe van alle kandidate wat Wiskunde Vraestel 2 en/of Fisiese Wetenskappe Vraestel 2 moet herskryf teen Woensdag, 09 Desember 2020 ontvang. Prinsipale/sentrumbestuurders word versoek om die toelatingsbriewe aan die betrokke kandidate uit te deel.

5.2 Kandidate moet volgens hulle ou toelatingsbriewe die eksamen by die eksamensentrums waar hulle voorheen geskryf het, aflê.

5.3 Kandidate word versoek om dieselfde strepieskodeplakkers wat aan die begin van die November 2020-eksamens ontvang is, te gebruik.

6. **Toesighouding en die monitor van die eksamens wat herskryf word**

6.1 Prinsipale/sentrumbestuurders moet toesien dat toesig by hierdie eksamens volgens die WKOD-beleid gehou word (verhouding van 50:50 onderwysers en gemeenskapslede).

6.2 Die eise van die gemeenskapsopsieners moet onmiddellik na die laaste eksamen by die Direktoraat: Eksamenadministrasie ingedien word.

6.3 Daar word versoek dat distrikte die herskryf van die Wiskunde Vraestel 2- en Fisiese Wetenskappe Vraestel 2-eksamens monitor.

7. **Verspreiding van die vraestelle en die insameling van skrifte**

7.1 Die vraestelle sal volgens die gewone afleweringsprosedures by eksamensentrums afgelewer word. Prinsipale/sentrumbestuurders moet alle voorsorgmaatreëls tref om toe te sien dat die eksamenvraestelle veilig is.

7.2 Prinsipale/sentrumbestuurders moet hulle huidige voorraad eksamenskryfbehoeftes en antwoordboeke gebruik om die herskryfsessies af te neem. Kom asseblief betyds in aanraking met die eksamenafdeling as u voorsien dat u enige skryfbehoeftetekorte mag hê of bykomende antwoordboeke mag benodig.

7.3 Die Wiskunde Vraestel 2-vraestel sal in 'n voorgeskrewe antwoordboek, wat saam met die vraestelle verskaf sal word, beantwoord word.

7.4 Alle antwoordskrifte sal op 15 en 17 Desember 2020 ingesamel word. Distriksamptenare word versoek om seker te maak dat eksamensentrums ALLE antwoordskrifte by die WKOD ingedien het. 'n Finale vlugtige kontrolering moet deur die prinsipaal/sentrumbestuurder uitvoer word, en die dokument wat teruggestuur word, MOET deur die prinsipaal/sentrumbestuurder en een ander senior bestuurslid onderteken word.

7.5 Indien daar bevind word dat 'n prinsipaal/sentrumbestuurder nie alle antwoordskrifte teen 17 Desember 2020 by die WKOD ingedien het nie, sal die WKOD dissiplinêre stappe doen om die nienakoming daarvan aan te spreek.

8. Die WKOD wens alle prinsipale/sentrumbestuurders die beste toe met die bestuur van die eksamens wat herskryf word. Die WKOD wil ook graag alle prinsipale/sentrumbestuurders van harte bedank en spreek waardering uit vir hulle ondersteuning en samewerking in hierdie moeilike tyd.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-12-08